Remgro Beperk

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2011 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

- Vergelykbare groei in wesensverdienste nie betekenisvol nie as gevolg van verandering in finansiële jaareinde vanaf 31 Maart na 30 Junie
- Tussendividend per aandeel: **+24.8%**
- Wesensverdienste per aandeel: **+19.8%**
- Intrinsieke waarde per aandeel op 31 Desember: **R142.99**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	31 Desember 2011 R'm	30 September 2010 R'm	30 Junie 2011 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**3 169**	3 105	3 098
Biologiese landboubates	**131**	177	131
Beleggingseiendomme	**40**	40	41
Ontasbare bates	**327**	359	327
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**37 112**	28 659	34 920
– Gesamentlike ondernemings	**267**	198	252
– Ander	**5 886**	5 835	6 059
Aftreevoordele	**154**	119	149
Lenings	**112**	106	139
Uitgestelde belasting	**7**	4	7
	47 205	38 602	45 123
Bedryfsbates	**13 036**	9 568	10 864
Voorraad	**1 984**	1 867	1 476
Biologiese landboubates	**431**	423	445
Debiteure en korttermynlenings	**2 596**	1 816	1 968
Beleggings in geldmarkfondse	**2 335**	1 739	1 725
Kontant en kontantekwivalente	**5 367**	3 392	4 315
Ander bedryfsbates	**146**	164	171
	12 859	9 401	10 100
Bates gehou vir verkoop	**177**	167	764
Totale bates	**60 241**	48 170	55 987
EKWITEIT EN LASTE			
Uitgereikte kapitaal	**3 605**	3 605	3 605
Reserwes	**52 318**	40 256	48 170
Tesourie-aandele	**(176)**	(248)	(216)
Aandeelhouersekwiteit	**55 747**	43 613	51 559
Nie-beherende belang	**784**	774	771
Totale ekwiteit	**56 531**	44 387	52 330
Nie-bedryfslaste	**1 339**	1 356	1 481
Aftreevoordele	**187**	186	238
Langtermynlenings	**155**	188	154
Uitgestelde belasting	**997**	982	1 089
Bedryfslaste	**2 371**	2 427	2 176
Handels- en ander krediteure	**1 956**	2 223	2 160
Korttermynlenings	**211**	101	3
Ander bedryfslaste	**204**	103	13
Totale ekwiteit en laste	**60 241**	48 170	55 987
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
– Teen boekwaarde	**R108.41**	R84.97	R100.37
– Teen intrinsieke waarde	**R142.99**	R125.95	R135.97

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig		Vyftien maande geëindig
	31 Desember 2011 R'm	30 September 2010 R'm	30 Junie 2011 R'm
Verkope	**6 883**	6 118	14 955
Voorraaduitgawes	**(4 221)**	(3 642)	(9 015)
Personeelkoste	**(1 126)**	(1 061)	(2 729)
Waardevermindering	**(166)**	(149)	(387)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(817)**	(898)	(2 160)
Handelswins	**553**	368	664
Dividendinkomste	**123**	94	155
Rente ontvang	**99**	75	205
Finansieringskoste	**(7)**	(20)	(35)
Negatiewe klandisiewaarde	**–**	112	112
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**(28)**	(2)	(68)
Wins met die verkoop van beleggings	**1 247**	157	2 283
Gekonsolideerde wins voor belasting	**1 987**	784	3 316
Belasting	**(373)**	(234)	(480)
Gekonsolideerde wins na belasting	**1 614**	550	2 836
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**2 385**	1 880	8 112
Netto wins vir die tydperk	**3 999**	2 430	10 948
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**3 944**	2 405	10 841
Nie-beherende belang	**55**	25	107
	3 999	2 430	10 948
GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS			
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings			
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**3 012**	2 655	7 624
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(9)**	(69)	(102)
Wins met die verkoop van beleggings	**307**	52	2 759
Ander nie-herhalende en kapitale items	**1**	31	389
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**3 311**	2 669	10 670
Belasting	**(744)**	(590)	(2 010)
Nie-beherende belang	**(182)**	(199)	(548)
	2 385	1 880	8 112

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'm	Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**3 944**	2 405	10 841
Plus/(minus):			
– Negatiewe klandisiewaarde	**–**	(112)	(112)
– Netto waardedaling van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**11**	–	(14)
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**–**	–	40
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingreserwes	**59**	–	–
– Wins met die verkoop van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**(1 305)**	(161)	(2 312)
– (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings	**(1)**	4	54
– Wins met die verkoop van filiaalmaatskappy	**–**	–	(25)
– Netto (wins)/verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(2)**	–	1
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(299)**	(13)	(3 122)
– Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**–**	1	(76)
– Wins met die verkoop van beleggings	**(307)**	(52)	(2 759)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**9**	69	102
– Ander nie-herhalende en kapitale items	**(1)**	(31)	(389)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	**180**	83	165
– Nie-beherende belang	**62**	1	39
Wesensverdienste	**2 649**	2 207	5 555

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Ses maande geëindig 31 Desember 2011 Sent	Ses maande geëindig 30 September 2010 Sent	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 Sent
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**515.5**	430.2	1 082.4
– Verwater	**508.2**	413.5	1 050.4
Verdienste per aandeel			
– Basies	**767.5**	468.8	2 112.4
– Verwater	**758.6**	451.8	2 072.3
Dividende per aandeel			
Gewoon	**126.00**	101.00	314.00
– Tussen	**126.00**	101.00	101.00
– Finaal			213.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'm	Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Netto wins vir die tydperk	**3 999**	2 430	10 948
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**1 318**	(1 362)	(1 361)
Wisselkoersaanpassings	**762**	(151)	(244)
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(350)**	(897)	(807)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**47**	161	145
Realisasie van reserwes voorheen uitgestel in ekwiteit	**(6)**	28	(14)
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**865**	(503)	(441)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**5 317**	1 068	9 587
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**5 262**	1 043	9 480
Nie-beherende belang	**55**	25	107
	5 317	1 068	9 587

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'm	Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm	Vyftien maande geëindig 30 Junie 2011 R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**52 330**	44 083	44 083
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**5 317**	1 068	9 587
Dividende betaal	**(1 139)**	(680)	(1 220)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	**1**	4	14
Ander bewegings	**(1)**	8	(81)
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**23**	21	64
Ontbondeling van belegging	**–**	(117)	(117)
Saldo aan die einde van die tydperk	**56 531**	44 387	52 330

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig		Vyftien maande geëindig
	31 Desember 2011 R'm	30 September 2010 R'm	30 Junie 2011 R'm
Kontant uit/(deur) bedrywighede voortgebring/(benut)	**(515)**	(460)	381
Belasting betaal	**(213)**	(143)	(407)
Dividende ontvang	**1 719**	795	2 563
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**991**	192	2 537
Dividende betaal	**(1 139)**	(680)	(1 220)
Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**(148)**	(488)	1 317
Beleggingsaktiwiteite	**1 032**	167	(758)
Finansieringsaktiwiteite	**16**	38	87
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**900**	(283)	646
(Toename)/afname in geldmarkfondse	**(610)**	73	87
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**567**	(159)	(159)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**4 315**	3 741	3 741
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**5 172**	3 372	4 315
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**5 367**	3 392	4 315
Oortrokke bankrekening	**(195)**	(20)	–

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember 2011	30 September 2010	30 Junie 2011
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**481 106 370**	481 106 370	481 106 370
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**516 612 722**	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou			
– Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(2 378 920)**	(3 336 894)	(2 918 266)
	514 233 802	513 275 828	513 694 456
Geweegde aantal aandele	**513 901 431**	512 983 023	513 209 003

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (VERVOLG)

	31 Desember 2011 R'm	30 September 2010 R'm	30 Junie 2011 R'm
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**24 474**	17 235	23 380
– Markwaarde	**33 335**	29 973	32 086
Ander			
– Boekwaarde	**5 172**	5 437	5 482
– Markwaarde	**5 172**	5 437	5 482
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**12 638**	11 424	11 540
– Direkteurswaardasies	**21 116**	18 896	19 695
Gesamentlike ondernemings			
– Boekwaarde	**267**	198	252
– Direkteurswaardasies	**264**	216	250
Ander			
– Boekwaarde	**714**	398	577
– Direkteurswaardasies	**714**	398	577
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**246**	206	612
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**2 630**	1 215	1 693
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede*	**2 313**	1 387	2 472
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken (die 30 Junie 2011 bedrag sluit die MMI en RMI Holdings ontbondelingsdividende ten bedrae van R6 174 miljoen in)	**1 606**	409	8 305

** Die waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede hou hoofsaaklik verband met drie wesentlike onopgeloste geskille met SAID. Twee van die geskille ten bedrae van R1 304 miljoen hou verband met die terugkoop en kansellasie van tesourie-aandele, terwyl die derde geskil ten bedrae van R718 miljoen ten opsigte van die verkoop van beleggings is (albei bedrae sluit rente in). Die aanslae word betwis op grond van regsadvies ontvang.*

KOMMENTAAR

1. VERANDERING IN FINANSIËLE JAAREINDE EN VERGELYKING MET VORIGE TYDPERK

Soos voorheen gerapporteer, is die maatskappy se finansiële jaareinde vanaf 31 Maart tot 30 Junie verander met ingang van 30 Junie 2011. Weens die verandering in jaareinde is die resultate vir die ses maande tot Desember 2011 waaroor verslag gedoen word, nie direk vergelykbaar met dié van die ses maande tot 30 September 2010 wat as tussentydse resultate gedurende die vorige finansiële jaar gerapporteer is nie. Die hoofrede vir dit is dat verskillende rekeningkundige tydperke van sekere beleggingsmaatskappye in die vergelykende tydperke wat aangebied word, verantwoord is.

Die mees betekenisvolle van die beleggingsmaatskappye waarna hierbo verwys word, is die volgende:

- Rainbow, Tsb Sugar, Unilever en Wispeco – verantwoord vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 vir die tydperk onder oorsig, teenoor die ses maande geëindig 30 September 2010 in die vergelykende tydperk
- Distell, FirstRand, Kagiso, PGSI, RMBH en Total – verantwoord vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 vir die tydperk onder oorsig, teenoor die ses maande geëindig 30 Junie 2010 in die vergelykende tydperk

Ten einde aandeelhouers in staat te stel om 'n betekenisvolle vergelyking met die resultate van die ses maande onder oorsig te maak, het ons as bykomende inligting 'n ontleding van wesensverdienste vir die vergelykende ses maande geëindig 31 Desember 2010 voorberei. 'n Opsomming van hierdie vergelykbare resultate word in die "Bydrae tot wesensverdienste" tabel hieronder aangebied en in die segmentinligting wat in Bylaag A aangebied word.

2. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van die gewysigde *IAS 24: Verwante Party Openbaarmaking*. Die implementering van die gewysigde rekeningkundige standpunt het slegs openbaarmaking beïnvloed en het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke nie.

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 20.0% vanaf R2 207 miljoen tot R2 649 miljoen toegeneem vergeleke met die ses maande geëindig 30 September 2010, terwyl wesensverdienste per aandeel met 19.8% vanaf 430.2 sent tot 515.5 sent toegeneem het.

Op 'n vergelykbare grondslag egter, vergeleke met die ses maande geëindig 31 Desember 2010, het wesensverdienste met 22.8% vanaf R2 157 miljoen tot R2 649 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 22.6% vanaf 420.4 sent tot 515.5 sent toegeneem het.

Bydrae tot wesensverdienste

	Ses maande geëindig			
	31 Des 2011 R'm	% *Verandering*	31 Des 2010 R'm	30 Sept 2010 R'm
Finansiële dienste	**1 136**	*20.7*	941	930
Nywerheidsbelange	**1 334**	*24.9*	1 068	1 110
Mediabelange	**39**	*18.2*	33	45
Mynbelange	**112**	*55.6*	72	72
Tegnologiebelange	**31**	*(32.6)*	46	59
Ander beleggings	**13**	*8.3*	12	12
Sentrale tesourie	**60**	*66.7*	36	29
Ander netto korporatiewe koste	**(76)**	*(49.0)*	(51)	(50)
	2 649	*22.8*	2 157	2 207

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Die kommentaar wat hierop volg is gebaseer op 'n vergelyking van die resultate van die tydperk onder oorsig met dié van die ses maande geëindig 31 Desember 2010.

Finansiële dienste

Die bydrae van finansiële dienste tot Remgro se wesensverdienste het R1 136 miljoen (2010: R941 miljoen) bedra, 'n styging van 20.7%. Daar moet op gelet word dat Remgro se effektiewe belange in FirstRand en RMBH wesentlik sedert Desember 2010 verander het weens verskeie korporatiewe aksies by daardie entiteite. Beide FirstRand en RMBH het goeie resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 gerapporteer, hoofsaaklik weens sterk groei in netto rente-inkomste en fooi- en kommissie-

inkomste, terwyl marges ook toegeneem het weens herprysingstrategieë in die kleinhandel-uitleningsboeke. RMI het ook goeie resultate gerapporteer met stewige groei in verdienste wat deur beide Discovery en OUTsurance behaal is.

Nywerheidsbelange
Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 24.9% tot R1 334 miljoen (2010: R1 068 miljoen) toegeneem. Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R117 miljoen (2010: R2 miljoen) bedra. Die verbeterde prestasie deur Total South Africa is hoofsaaklik die gevolg van aansienlike gunstige voorraadherwaardasies gedurende die tydperk onder oorsig, vergeleke met negatiewe voorraadherwaardasies gedurende die ses maande geëindig 31 Desember 2010. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die beleggings in Capevin Holdings en Capevin Investments insluit, het R261 miljoen (2010: R210 miljoen) bedra. Mediclinic en Rainbow se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R191 miljoen en R149 miljoen (2010: R170 miljoen en R131 miljoen) bedra. Tsb Sugar het bevredigende resultate gelewer met 'n bydrae tot wesensverdienste van R308 miljoen (2010: R172 miljoen). Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n beter bedryfsvertoning van Tsb Sugar se meule-aktiwiteite, danksy hoër suikerproduksie. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 29.8% tot R218 miljoen (2010: R168 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in verkoopsvolumes en verbeterde marges. Met ingang van 1 Julie 2011 het Kagiso Trust Investments (KTI) en die Tiso groep in 'n nuwe entiteit, Kagiso Tiso Holdings (KTH) saamgesmelt. Vir die tydperk onder oorsig was Remgro se deel van die resultate van KTH 'n verlies van R37 miljoen (2010: Remgro se deel van KTI se resultate – R82 miljoen wins). Gedurende die tydperk onder oorsig is KTH se resultate negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met sy belange in Exxaro Resources Beperk en Aveng Beperk. Grindrod het R13 miljoen tot wesensverdienste bygedra vir die twee maande sedert verkryging.

Mediabelange
Mediabelange bestaan uit die belange in Sabido, MARC, One Digital Media (ODM) en Premier Team Holdings (PTH). Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R72 miljoen (2010: R54 miljoen) bedra, terwyl MARC R1 miljoen bygedra het (2010: R2 miljoen). PTH en ODM se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik verliese van R18 miljoen en R16 miljoen bedra (2010: verliese van R22 miljoen en R1 miljoen).

Mynbelange
Implats is die enigste oorblywende belegging wat onder mynbelange gerapporteer word en dividende ontvang het R112 miljoen (2010: R72 miljoen) bedra.

Tegnologiebelange
Tegnologiebelange verteenwoordig hoofsaaklik die belange in die CIV groep van maatskappye en die belegging in SEACOM. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV groep R37 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra (2010: R41 miljoen). SEACOM het 'n wesensverlies van R75 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer (2010: R81 miljoen verlies) en Remgro se deel van hierdie verlies was R19 miljoen (2010: R20 miljoen verlies). Voordat Tracker gedurende Oktober 2011 verkoop is, is dit "gehou vir verkoop" en gevolglik is geen inkomste vanaf Tracker gedurende die tydperk onder oorsig verantwoord nie (2010: R23 miljoen).

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R13 miljoen bedra (2010: R12 miljoen), waarvan Business Partners se bydrae R8 miljoen (2010: R8 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Hoër gemiddelde kontantbalanse het veroorsaak dat die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling tot R60 miljoen (2010: R36 miljoen) toegeneem het. Ander netto korporatiewe koste het R76 miljoen (2010: R51 miljoen) bedra.

Totale verdienste
Totale verdienste het met 64.0% tot R3 944 miljoen (30 September 2010: R2 405 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van verdienstegroei deur die onderliggende beleggings, die kapitaalwinste ten bedrae van R608 miljoen wat met die verkoop van RMBH- en RMI-aandele aan Royal Bafokeng Holdings (Edms) Beperk, en die verkoop van Tracker gerealiseer is, sowel as 'n rekeningkundige wins ten bedrae van R491 miljoen wat op die KTI en Tiso samesmelting gerealiseer is.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 5.2% vanaf R135.97 op 30 Junie 2011 tot R142.99 op 31 Desember 2011 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

RMB Holdings Beperk (RMBH) en RMI Holdings Beperk (RMI)

Gedurende Desember 2011 het Remgro 50 088 654 RMBH-aandele en 68 866 361 RMI-aandele vir 'n totale bedrag van R2 091.4 miljoen aan Royal Bafokeng Holdings (Edms) Beperk verkoop. Die transaksie het effektief Remgro se belange in onderskeidelik RMBH en RMI vanaf 31.5% en 34.9% tot 27.9% en 30.3% verlaag.

Grindrod Beperk (Grindrod)

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 127 662 895 Grindrod gewone aandele vir 'n totale bedrag van R1 932.8 miljoen verkry. Hierdie verkrygings het tot gevolg gehad dat Remgro 'n effektiewe 21.7%-belang in Grindrod verkry het (21.3% op 'n ten volle verwaterde grondslag). Die resultate van Grindrod is vir die twee maande tot 31 Desember 2011 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Tracker Investment Holdings (Edms) Beperk (Tracker)

Die belegging in Tracker is gedurende Oktober 2011 vir 'n totale bedrag van R1 226.5 miljoen verkoop.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en Tiso Group (Edms) Beperk (Tiso)

Met ingang van 1 Julie 2011 het KTI en Tiso in 'n nuwe entiteit, Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk saamgesmelt, en Remgro se effektiewe belang in die nuwe entiteit is 25.1%.

Ander kleiner beleggings wat gedurende die tydperk onder oorsig gemaak is in onder andere die Milestone China Funds, Premier Team Holdings Limited, Kagiso Infrastructure Empowerment Fund en Business Partners Beperk, het R149.6 miljoen bedra.

GEBEURE NA 31 DESEMBER 2011:

Dark Fibre Africa (Edms) Beperk (Dark Fibre)

Sedert 31 Desember 2011 het Remgro 'n verdere R150.0 miljoen direk in Dark Fibre belê. Hierdie belegging is deel van 'n verdere kapitaalverpligting ten bedrae van R248.0 miljoen wat Remgro se effektiewe belang in Dark Fibre tot 49.6% sal verhoog (30 Junie 2011: 46.5%).

Dorbyl Beperk (Dorbyl)

Gedurende Februarie 2012 het Remgro 11 839 510 aandele in Dorbyl aan RECM en Calibre Beperk vir 'n nominale bedrag verkoop. Die transaksie het Remgro se belang in Dorbyl tot 6.5% verlaag (30 Junie 2010: 41.4%).

6. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk (Unilever Suid-Afrika)

Unilever Suid-Afrika het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Unilever Suid-Afrika se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R218 miljoen bedra (2010: R168 miljoen). Herstruktureringskoste ten bedrae van R21 miljoen is ingesluit by Remgro se deel van Unilever se verdienste.

Unilever Suid-Afrika se omset vir die tydperk onder oorsig het met 15.1% tot R7 680 miljoen (2010: R6 672 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik te danke aan verhoogde volumes deur bekendstellings en herloodsings van produkte in die waspoeierafdeling, onder andere Omo Liquids, Comfort-versagmiddels, Sunlight Powders en Skip Liquid. Die verhoogde fokus op komplekse kookmiddels in die Sout/kook-middels-afdeling, die bekendstelling van GermiGuard en die Dove Mans Versorgings-reeks, tesame met die uitbreiding van die Roomyskabinette se markplasings het ook tot die verhoging in volumes bygedra. Die prysgroei van 9% is toeskryfbaar aan die styging in pryse in die meeste kategorieë as gevolg van 'n toename in kommoditeitspryse. Die verkryging van die Sara Lee-handelsmerk het ook 'n positiewe bydrae van R81 miljoen tot verhoogde omset gehad.

Die maatskappy se na-belaste wins in die tydperk onder oorsig het met 72.0% tot R1 108 miljoen (2010: R644 miljoen) verhoog. Hierdie toename was hoofsaaklik as gevolg van 'n na-belaste wins ten bedrae van R267 miljoen met die verkoop van handelsmerke, asook groei in omset en hoër marges.

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)

Tsb Sugar se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 het R308 miljoen (2010:

R172 miljoen) beloop. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n beter bedryfsvertoning vanaf Tsb Sugar se meule-aktiwiteite, danksy hoër suikerproduksie, asook 'n hoër bydrae deur Royal Swaziland Sugar Corporation.

Omset vir die tydperk onder oorsig het met 5.6% van R2 586 miljoen na R2 441 miljoen gedaal. Uitvoere verteenwoordig 14.4% van omset. Die positiewe impak van hoë wêreldsuikerpryse en die swakker rand is deur laer volumes teengewerk. Omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2010 het R160 miljoen, wat uit die verkoopte sitrus-bedrywighede voortgespruit het, ingesluit.

Tsb Sugar se suikerproduksie het in die tydperk onder oorsig met 5.7% toegeneem tot 424 863 ton (2010: 402 060 ton) terwyl die Suid-Afrikaanse suikerbedryf se produksie vir dieselfde tydperk met 4.9% gedaal het. Die verhoging in Tsb Sugar se produksie is hoofsaaklik toeskryfbaar aan gunstige klimaatstoestande wat die meulens in staat gestel het om meer riet te maal asook die hoër rietkwaliteit wat fabrieksdoeltreffendhede voordelig beïnvloed het. Die wêreldsuikerprys het gedurende die afgelope tydperk hoër prysvlakke gehandhaaf en die swakker rand het bygedra tot beter suikeruitvoerpryse.

Die Royal Swaziland Sugar Corporation se bydrae tot Tsb Sugar se wesensverdienste vir die tydperk was R85 miljoen (2010: R30 miljoen). Die verhoging kan hoofsaaklik aan hoër produksie en beter suiker- en etanolpryse toegeskryf word.

5 662 Hektaar van Tsb Sugar se rietgronde in die Malelane-gebied is in die proses van oordrag aan die Matsamo Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom en die proses sal na verwagting gedurende Maart 2012 afgehandel word. Die oordrag is in lyn met die grondeise-skikkingsooreenkoms wat bereik is en daarna 'n bevel van die hof gemaak is. Hierdie oordrag sal die grondeiseproses ten opsigte van Tsb Sugar se eie grond in die Nkomazi-area wesentlik voltooi. Tsb Sugar is van mening dat die na-oordragooreenkomste wat bereik is volgehoue rietvoorsiening sal verseker.

Air Products South Africa (Edms) Beperk (Air Products)
Air Products het 'n September-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2011 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 39.1% tot R96 miljoen (2010: R69 miljoen) toegeneem.

Vir die ses maande geëindig 30 September 2011 het omset met 6.8% tot R787 miljoen (2010: R737 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins met 29.0% tot R289 miljoen (2010: R224 miljoen) toegeneem het. Ongerealiseerde valuta-winste van R30 miljoen het 'n positiewe impak op die huidige tydperk se bedryfswins gehad. Stadige volumegroei het in die meeste segmente van die besigheid voortgeduur. Verdere volumegroei, tesame met verhoogde druk op insetkoste, word in die komende maande verwag.

Sabido Investments (Edms) Beperk (Sabido)
Remgro het 'n effektiewe belang van 31.5% in Sabido, wat oor 'n reeks mediabelange beskik, waarvan die belangrikste e.tv, Suid-Afrika se enigste onafhanklike gratis televisiekanaal is, en sy nuusdienssuster, die eNews-kanaal.

Sabido het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2011 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R72 miljoen bedra. Hierdie bedrag sluit 'n koste van R5 miljoen in wat verband hou met die amortisasie van ontasbare bates wat met die verkryging van VenFin geïdentifiseer is.

Volgens die jongste beskikbare opname van All Media Products Survey het e.tv se kykergetal met 'n verdere 2% tot 15.5 miljoen gegroei. e.tv bly die grootste Engelstalige televisiekanaal in Suid-Afrika en die tweede mees gekykte kanaal oor die algemeen. Die aansienlike groei in die middel-inkomste betaaltelevisie-mark het egter begin om e.tv se markaandeel te beïnvloed. Die voortgesette vertraging in die loodsing van digitaal-terrestriale televisie vererger steeds die verlies aan kykers wat hul tot betaalkanaal-televisie wend.

Netto advertensieverkope vir die tydperk onder oorsig was beter as begroot, terwyl program- en bedryfskostes stabiel gebly het. 'n Groter belegging in plaaslike programinhoud sal na verwagting e.tv in staat stel om sy mededingendheid te handhaaf.

Die volgehoue groei in betaaltelevisie-intekenare by DStv het die eNews-kanaal bevoordeel. Die kanaal is steeds die gewildste nuuskanaal onder Suid-Afrikaners. Regstreekse

eNews Africa uitsendings is nou beskikbaar vir 10 miljoen Sky-intekenare in die Verenigde Koninkryk op The Africa Channel (waarin Sabido 'n 47.4%-belang het).

Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk (KTH)
KTH het ontstaan na die samesmelting van Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en Tiso Group (Edms) Beperk in 'n nuwe entiteit. Die samesmelting het gelei tot die ontstaan van 'n vooraanstaande swart beheerde beleggingshouermaatskappy met meer as R14 miljard se bates en 'n netto batewaarde van R9.3 miljard. KTH het 'n sterk en gediversifiseerde beleggingsportefeulje wat die hulpbronne-, industriële, media-, finansiëledienste-, gesondheidsorg-, eiendoms- en inligtingstegnologiesektor dek.

Remgro se belang van 42.3% in KTI is omskep in 'n ten volle verwaterde belang van 25.1% in KTH, soos op 1 Julie 2011, die effektiewe datum van die transaksie. Geen vergelykende syfers is beskikbaar nie, aangesien KTH 'n nuut gevormde entiteit is.

Aangesien KTH se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 in Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig ingesluit. KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het 'n verlies van R37 miljoen bedra, hoofsaaklik weens negatiewe billike waarde aanpassings op beleggings in Exxaro Resources Beperk en Aveng Beperk. Inkomste vanuit ekwiteitsverantwoorde beleggings het R166 miljoen bedra. 'n Wins van R455 miljoen is met die verkoop van gesamentlik beheerde LexisNexis, deur filiaal Kagiso Media Beperk, gerealiseer, wat buite wesensverdienste verantwoord word.

KTH beskik oor 'n goed gediversifiseerde beleggings- en besigheidstrategie, 'n gesonde bate- en kapitaalbasis asook 'n ervare en diverse bestuurspan wat die groep in die posisie van 'n vooraanstaande swart beheerde en bestuurde beleggingsmaatskappy plaas.

Total South Africa (Edms) Beperk (Total)
Total het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk het R117 miljoen (2010: R2 miljoen) bedra.

Omset vir die tydperk onder oorsig het van R11 087 miljoen in 2010 tot R15 378 miljoen toegeneem, terwyl bedryfswins tot R630 miljoen (2010: R314 miljoen) toegeneem het. Die goeie vertoning is hoofsaaklik toeskryfbaar aan positiewe voorraadwaardasie-aanpassings van R300 miljoen (2010: negatiewe aanpassing van R2 miljoen) as gevolg van 'n styging in die internasionale olieprys, die impak van 'n swakker rand en verhoogde bemarkingsmarge. Positiewe aanpassings aan uitgestelde belasting en verlaagde finansieringskoste het ook daartoe bygedra dat Total se netto wins vir die tydperk onder oorsig tot R473 miljoen (2010: R7 miljoen) toegeneem het.

Kleinhandelverkope van petroleumprodukte het laer vlakke as in 2010 behaal, met 'n afname van 1% vir die ses maande tot 31 Desember 2011. Brandstofpompprys van hoër as R10 per liter en verbruikersreaksie daarop, het die vraag na petroleumprodukte in die kleinhandelbesigheid gedurende die tydperk laat afneem. Total se markaandeel in hoofbrandstowwe het na verwagting effens afgeneem vanaf 2010.

Natref (waarin Total 'n belang van 36% het) het relatief teleurstellende betroubaarheidsvlakke gedurende 2011 ervaar. Raffineringsmarges het soortgelyke lae vlakke as in 2010 gehandhaaf, maar was effens beter as gelykbreekpunt vir hierdie aktiwiteit.

SEACOM Capital Limited (SEACOM)
Remgro het 'n effektiewe belang van 25% in SEACOM, wat in Julie 2009 die eerste teragreep-ondersese veseloptiese kabel geloods het wat suidelike en oostelike Afrika met Europa en Asië verbind. Die kabel verbind Suid-Afrika, Mosambiek, Tanzanië, Kenia en Djibouti met die res van die wêreld via landingspunte in Frankryk (en van daar na Londen) en Indië. Landomringde lande (Uganda, Rwanda, Ethiopië ens.) word deur middel van landgebaseerde truverbinding ingeskakel.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2011 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die tydperk onder oorsig 'n verlies van R19 miljoen (2010: R20 miljoen) bedra.

SEACOM verskaf internasionale hoëkapasiteit veseloptiese bandwydte aan kliënte in die vorm van onvervreembare gebruiksreg, waar

die meeste van die inkomste oor 20 jaar verantwoord word. SEACOM het 'n verlies van VSA$10 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer. Vertragings in die implementering van die kabelverbindings deur Egipte het addisionele onvoorsiene bedryfskostes vir SEACOM veroorsaak. Ondanks gerapporteerde verliese tot dusver, verwag SEACOM om winsgewendheid te verbeter deur implementering van verskeie kostebesparingsinisiatiewe en kostebesparings op kapasiteitsaankope as gevolg van die voltooiing van die kabel gedurende die komende jaar.

Die opgradering van die EASSy-kabel en die koms van die WACS-kabel (West African Cable System) sal na verwagting verhoogde verskaffing van bandwydte deur SEACOM se mededingers lewer, maar die maatskappy verwag steeds stabiele en winsgewende pryse, al is dit teen 'n verminderde prys. Vraag speel steeds 'n positiewe rol, gedryf deur volgehoue verminderings in randgebaseerde kostes (selfoondiensverskaffer-aanbiedinge en ander verskaffers soos Dark Fibre Africa), asook 'n groot toename in die vraag na betroubare beskermde roetes rondom Afrika. SEACOM se vermoë om spoedig by vinnig veranderende toestande in die mark aan te pas, en in addisionele vraag te voorsien help verder hierdie gunstige marktoestande aan.

Community Investment Ventures Holdings (Edms) Beperk (CIV)

Remgro het 'n effektiewe belang van 43.8% in die CIV groep, wat in die elektrisiteits-, telekommunikasie- en inligtingstegnologie-sektor bedrywig is. Die belangrikste filiale is Dark Fibre Africa (DFA), wat veseloptiese netwerke bou en besit, CIE Telecom, wat vesel invoer en versprei en in netwerkbestuur spesialiseer, en CIV Power, wat in die bekabeling van kragstasies spesialiseer.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2011 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R37 miljoen (2010: R41 miljoen) bedra.

Na verwagting sal die CIV groep se groei rondom DFA sentreer. Laasgenoemde se wesensverdienste het vir die ses maande tot 30 September 2011 met 46.8% tot R33 miljoen (2010: R62 miljoen) afgeneem, ondanks die voltooiing van bykomende afdelings van die maatskappy se veseloptiese netwerk. Die afname in wesensverdienste is veroorsaak deur vertragings in die verkryging van padverlofregte vanaf munisipaliteite en pad owerhede wat DFA verhoed om veseloptiese netwerke betyds te voltooi. Dit lei tot 'n vertraging in die generering van inkomste om toenemende waardevermindering en finansieringskoste, ten opsigte van die uitrol van die netwerk, te dek.

DFA het veseloptiese netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria. Die Johannesburgse netwerk word as een van die belangrikste kommunikasienetwerke in Afrika beskou. Tot dusver is 'n totale afstand van 3 804 km in belangrike stedelike gebiede voltooi. DFA is ook besig met langafstandroetes en die eerste hiervan wat voltooi is, is dié tussen die stedelike gebied van Durban en SEACOM se landingstasie in Mtunzini. Hierdie roete is deur Empangeni tot in Gauteng verleng en is in April 2011 voltooi. DFA het ook die bou van 'n langafstandroete om Kaapstad met die WACS ondersese kabel se landingstasie in Yzerfontein te verbind, voltooi. In 2010 het DFA begin met die vesel-tot-toring-projek wat selfoonoperateurs se basisstasies met die kernkommunikasienetwerke verbind, en hierdie projek sal tot in 2013 en daarna voortgesit word soos die vraag na mobiele truverbinding verhoog as gevolg van multi-toepassing-selfone. Mobiele truverbinding is 'n belangrike groei-area vir DFA.

DFA het kommersiële huurooreenkomste met 37 telekommunikasie-diensverskaffers, wat wissel van die grootste spelers tot klein nis-operateurs, aangegaan en daardeur 'n annuïteitinkomste-genererende besigheid gevestig.

Die maatskappy se voornemens is om gedurende die volgende finansiële jaar sy teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse telekommunikasiemark uit te bou deur die uitbreiding van sy infrastruktuurvoetspoor na sekondêre stede, insluitend Polokwane, Oos-Londen, Rustenburg, Potchefstroom, George, Witbank en Middelburg, asook sy verkoops- en bemarkingsaktiwiteite uit te brei. Die toename in die lisensies wat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika vir elektroniese kommunikasienetwerkdienste uitgereik het, het die potensiële mark vir DFA se dienste uitgebrei en kan, tesame met die hoë vraag na breëband-dienste, help om volhoubare groei in verdienste te verseker.

PGSI Beperk (PGSI)
PGSI het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2011 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die tydperk onder oorsig R3 miljoen (2010: R9 miljoen) bedra, wat 'n negatiewe aanpassing van R5 miljoen (2010: R5 miljoen positiewe aanpassing) ten opsigte van die omskeppingsreg op voorkeuraandele in PGSI insluit.

PGSI se omset vir die tydperk onder oorsig het met 2.1% tot R1 617 miljoen (2010: R1 584 miljoen) toegeneem, terwyl sy bedryfswins R43 miljoen (2010: R84 miljoen) bedra het. Die laer bedryfsresultate was hoofsaaklik die gevolg van 'n veel swakker plaaslike mark in vergelyking met die vorige jaar. Die tweede helfte van die jaar is ook gekenmerk deur stakings in die industrie, en 'n verlangsaming in vervaardigingsaktiwiteite as gevolg van laer vraag, hoofsaaklik weens laer produksie van oorspronklike onderdeel-vervaardigingskomponente na die vloede in Thailand. 'n Afname in netto finansieringskoste vanaf die vergelykende tydperk, het egter daartoe gelei dat PGSI 'n netto wins van R6 miljoen (2010: R9 miljoen verlies) vir die tydperk onder oorsig gerapporteer het.

PG Group, die hoofbedryfsfiliaal in Suid-Afrika, is geaffekteer deur die wêreldwye en plaaslike resessie van die afgelope paar jare, veral in die plaaslike boubedryf. Alhoewel die motorbedryf en die laekostebehuising-bousektor stadig van die ekonomiese afswaai herstel het, is die herstel van die kommersiële boubedryf swak en toon dit steeds 'n lae vraag na glas. Oorskot vervaardigingskapasiteit het tot verhoogde mededinging gelei. Die laer plaaslike vraag het ook na verhoogde uitvoere gelei, wat 'n ongunstige verkoopsmengsel veroorsaak het, hoofsaaklik as gevolg van wisselkoersfaktore.

Die moeilike markomstandighede van die vervaardigingsektor in Suid-Afrika is vererger deur 'n sterk rand wat tot in September 2011 voortgeduur het. PG Group het 'n aantal inisiatiewe geloods om winsgewendheid in hierdie moeilike handelstoestande te verbeter. Dit sluit in: die herorganisasie van bestuurstrukture om op geleenthede, doeltreffendheid en kostebesparing te fokus, asook 'n verbetering in produktiwiteit by alle vervaardigingsfasiliteite.

PG Group beskik oor twee wêreldklas dryfglasaanlegte en kapitaalbesteding sal na verwagting minimaal wees oor die volgende vyf jaar.

Die vooruitsig vir 2012 het verbeter deur hoër verwagte uitvoermarges, as gevolg van 'n verbetering in die uitvoermark en meer mededingende wisselkoerse, aangesien die groep 'n groot uitvoerder van hoë kwaliteit dryfglas en motorprodukte is.

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco)
Omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 het met 14.6% vanaf R458 miljoen tot R525 miljoen toegeneem, danksy hoër aluminiumpryse wêreldwyd, asook voortgesette groei in verkoopsvolume in vergelyking met die vorige jaar. Gevolglik het wesensverdienste met 26.3% tot R24 miljoen (2010: R19 miljoen) toegeneem, ondanks volgehoue afwaartse druk op marges as gevolg van toenemende insetkostes en strawwe prysmededinging (beide plaaslik en vanaf invoere).

Wispeco het aan die einde van 2011 goedkeuring vanaf die Mededingingskommissie gekry vir die verkryging van 'n 80%-belang in Xline Aluminium Solutions (Edms) Beperk. Die Xline en Sheerline aluminiumvoorraad-verskaffingsbedrywighede sal in een besigheid gekonsolideer word, met belowende vooruitsigte.

Wispeco voer steeds die meeste van sy grondstowwe in, maar vervaardig self 'n wesentlike hoeveelheid perspale vanuit herwinde aluminium. Hersmelting van herwinde aluminium het 'n energieverbruik van slegs 5% teenoor die vervaardiging van nuwe aluminium. Hierdie herwinningsaktiwiteite het Wispeco 'n Ecospecifier-klassifikasie – 'n *groen* gradering vir sy aluminiumprofiele – laat verdien.

Wispeco bevorder steeds die ontwikkeling van innoverende energiedoeltreffende oplossings vir aluminiumvensters en -deure vir die boubedryf. Die maatskappy se nuwe *Crealco*-reeks van innoverende, gesofistikeerde en energiedoeltreffende produkte, wat gedurende 2012 geloods sal word, maak ongekende kreatiwiteit in argiteksontwerp moontlik, terwyl aan die jongste vereistes van die nuwe nasionale bouregulasies voldoen word.

Wispeco was suksesvol in die verskaffing van mentorskap en opleiding in die bedryf van hul eie aluminiumvervaardigingsbesighede aan meer as 20 jong voorheen benadeelde

entrepreneurs, deur middel van sy SpazAL-program. Voortgesette groei in hierdie besighede skep verdere werksgeleenthede in plaaslike gemeenskappe. Wispeco het 19 gehoorgestremde studente in geskoolde werknemers ontwikkel, deur sy vervaardigingsleerskool-program vir swart gestremde skoolverlaters.

MARC Group Beperk (MARC)
MARC is 'n Pan-Afrika-beleggingsmaatskappy in die sport- en vermaaklikheidsbedryf wat hom toespits op bemarking, kommunikasie en regtekommersialisering. Dit sluit in sekere strategiese filiaal- en ekwiteitsbeleggings in bemarking, borgskapbestuur, bestuur van groot gebeurtenisse, kaartjieverkope en rugby. Die groep is bedrywig in 16 verskillende Afrika-lande, waarvan Suid-Afrika, Nigerië en Kenia die grootste markte verteenwoordig.

MARC het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. MARC se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk het R1 miljoen bedra, wat 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R1 miljoen op die omskeppingsregte van voorkeuraandele insluit.

MARC se wesensverdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 het R3 miljoen (2010: R17 miljoen) bedra. Die swakker verdienste is toeskryfbaar aan die insluiting van eenmalige verdienste wat met die FIFA Wêreldbeker verband hou gedurende 2010 asook verlaagde borgskapspandering deur een van MARC se grootste kliënte gedurende die huidige tydperk.

7. TESOURIE-AANDELE
Op 30 Junie 2011 is 2 918 266 Remgro gewone aandele (0.6%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskemas te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 539 346 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Desember 2011 is 2 378 920 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele gehou.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 23
Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 126 sent (30 September 2010: 101 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 31 Desember 2011 geëindig het.

Belangrike datums:	
Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 13 April 2012
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 16 April 2012
Rekorddatum	Vrydag, 20 April 2012
Betaaldatum	Maandag, 23 April 2012

Aandeelsertifikate mag nie vanaf Maandag, 16 April 2012, tot Vrydag, 20 April 2012, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Sekondêre belasting op maatskappye (SBM) en dividendbelasting
Met ingang van 1 April 2012 word SBM vervang met 'n dividendbelasting. Alhoewel die dividend vir die tydperk onder oorsig na 1 April 2012 betaalbaar is, is dit nie aan dividendbelasting onderhewig nie weens die feit dat dit voor hierdie datum verklaar is. Huidige SBM-krediete sal dus aangewend word teen die potensiële SBM-aanspreeklikheid.

In die 2012 Begrotingsrede is daar aangekondig dat, ingevolge die nuwe wetgewing, maatskappye toegelaat sal word om hul beskikbare SBM-krediete, vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die effektiewe datum van dividendbelasting, teen toekomstige dividende aan te wend.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
15 Maart 2012

BYLAAG A
SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Ses maande geëindig		
	31 Desember 2011 R'm	31 Desember 2010 R'm	30 September 2010 R'm
Finansiële dienste			
RMBH	**594**	484	475
RMI Holdings	**315**	–	–
FirstRand	**227**	457	455
Nywerheidsbelange			
Mediclinic	**191**	170	170
Unilever SA Holdings	**218**	168	132
Distell Groep[1]	**261**	210	105
Rainbow Chicken	**149**	131	119
Tsb Sugar	**308**	172	177
Air Products South Africa	**96**	69	69
Grindrod	**13**	–	–
Nampak	**–**	33	33
KTH/KTI	**(37)**	82	197
Total South Africa	**117**	2	97
PGSI	**3**	9	(4)
Wispeco	**24**	19	20
Ander nywerheidsbelange	**(9)**	3	(5)
Mediabelange			
Sabido	**72**	54	54
MARC	**1**	2	3
Ander mediabelange	**(34)**	(23)	(12)
Mynbelange			
Implats	**112**	72	72
Tegnologiebelange			
CIV groep[2]	**37**	41	39
Tracker	**–**	23	34
SEACOM	**(19)**	(20)	(20)
Ander tegnologiebelange	**13**	2	6
Ander beleggings	**13**	12	12
Sentrale tesourie	**60**	36	29
Ander netto korporatiewe koste	**(76)**	(51)	(50)
Wesensverdienste	**2 649**	2 157	2 207
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**513.9**	513.1	513.0
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**515.5**	420.4	430.2

Aantekeninge

1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.

BYLAAG B
SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	31 Desember 2011		30 Junie 2011	
	Boekwaarde R'm	Intrinsieke waarde R'm	Boekwaarde R'm	Intrinsieke waarde R'm
Finansiële dienste				
RMBH	**8 940**	**10 768**	9 968	11 846
RMI Holdings	**5 082**	**6 025**	5 623	6 404
FirstRand	**3 056**	**4 559**	3 027	4 363
Nywerheidsbelange				
Mediclinic	**4 764**	**9 512**	4 216	8 776
Unilever SA Holdings	**3 121**	**6 034**	2 990	5 313
Distell Groep[1]	**2 287**	**4 908**	2 100	4 725
Rainbow Chicken	**2 143**	**3 345**	2 108	3 455
Tsb Sugar	**1 801**	**3 005**	1 546	2 804
Air Products South Africa	**557**	**2 392**	521	2 257
Grindrod	**2 022**	**1 787**	–	–
KTH/KTI	**1 961**	**1 667**	1 441	1 667
Total South Africa	**1 073**	**1 414**	972	1 374
PGSI	**576**	**561**	578	582
Wispeco	**407**	**305**	383	343
Ander nywerheidsbelange	**423**	**424**	458	457
Mediabelange				
Sabido	**946**	**1 841**	898	1 405
MARC	**171**	**168**	169	168
Ander mediabelange	**–**	**–**	16	16
Mynbelange				
Implats	**4 466**	**4 466**	4 862	4 862
Tegnologiebelange				
CIV groep[2]	**1 068**	**1 167**	1 027	1 236
Tracker	**–**	**–**	587	1 196
SEACOM	**629**	**1 067**	577	1 057
Ander tegnologiebelange	**221**	**261**	255	278
Ander beleggings	**1 098**	**753**	944	634
Sentrale tesourie – kontant by die kern[3]	**8 242**	**8 242**	5 852	5 852
Ander netto korporatiewe bates	**693**	**955**	441	744
Netto batewaarde (NBW)	**55 747**	**75 626**	51 559	71 814
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[4 & 5]		**(2 095)**		(1 965)
NBW na belasting	**55 747**	**73 531**	51 559	69 849
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**514.2**	**514.2**	513.7	513.7
NBW na belasting per aandeel (Rand)	**108.41**	**142.99**	100.37	135.97

Aantekeninge

1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.
3. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik Rainbow Chicken, Tsb Sugar en Wispeco).
4. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings beskikbaar vir verkoop (hoofsaaklik Implats en Caxton) is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
5. In die 2012 Begrotingsrede is daar aangekondig dat die koers waarteen kapitaalwins belas word, effektief 1 Maart 2012 gaan verhoog vanaf 50% na 66.6%. Hierdie verwagte wysiging gaan die potensiële kapitaalwins betaalbaar verhoog en effektiewelik die netto intrinsieke waarde na KWB verlaag met R687 miljoen, of R1.33 per aandeel.
6. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert (*Voorsitter*), E de la H Hertzog (*Ondervoorsitter*), P E Beyers, G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, J Malherbe, P J Moleketi*, M M Morobe*, M A Ramphele*, F Robertson*, H Wessels* *(*Onafhanklik)*

Uitvoerende direkteure
M H Visser (*Hoofuitvoerende beampte*), W E Bührmann, L Crouse, J W Dreyer, J J Durand, J A Preller

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
M Lubbe

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

www.remgro.com